



Meer as 1000 mense op hul voete by Romanz

Die vier manne van die Romanz-groep het die meer as 1000 mense Saterdagmiddag meer as een keer op hulle voete gehad met hul begeesterde sang. André Venter, Louis Loock, Adam Barnard en Burgerd Botha het behoorlik uitgehang.

Die geleentheid is deur streek Kiepersol in medewerking met die kerkjeug van Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk aange-

die gedagtes terugvoer na *Simon en Garfunkel* asook *'Angels'* (Robbie Williams) en *'Everything I do'* wat ons deur die rasperstem van Brian Adams leer ken het is uitgevoer. Die liedjie *'From a distance'* (Bette Midler) se lirieke is deur Louis Loock, een van die Romanz-manne, in perspektief geplaas.

Toe 'Genade onbeskryflik



Kittie en Jurie Dreyer, Willie en Elma Bronkhorst, Juliana en André Knoetze, Willem en Maria Nordejé



Louis Loock, Adam Barnard, Hannie Ferreira, Burgerd Botha, Hennie Ferreira en André Venter

bied. Bekende Afrikaanse liedere soos *'Reik na die sterre'* en *'Neem my op vlerke'* wat oorspronklik deur Bles Bridges en Anneli van Rooyen bekend gemaak is was baie gewild. Nog 'n gunsteling was *'Sweef soos 'n arend'* wat deur Mynie Grové geskryf is.

Die temalied van die flik *Top Gun* (1986) naamlik *'Take my breath away'* het aangename herinneringe gewek. Die waarderende gehoor is verder getrekteer op meesleurende melodieë wat ideaal by hulle stemme pas. Treffers soos *'Bridge over troubled waters'* wat

groot' aan die beurt kom, was die groot gehoor weer op hulle voete en het spontaan saamgesing. Die dak van die ouditorium het byna gelig en die inwoners van Pierre van Ryneveldpark kon seker hoor hoe die HERE geloof en geprys word. Net daarna was die skare asof versteent toe die rou klanke van "Houtkruis" weerklink het. Hierdie liedjie, wat al as die beste oorspronklike geestelike lied in Afrikaans beskryf is en deur *Prophet* (Koos van der Merwe en Theo Geyser) geskryf en bekend

gemaak is, is al deur baie kunstenaars opgeneem maar Romanz het 'n uitstekende vertolking daarvan gegee.

Die geleentheid is deur Jurie Dreyer en mede dagbestuurslede Chris Delpoort, Willie Bronkhorst en André Knoetze asook hulle gades bygewoon.

Verder was die voorsitter van Gebied Jakaranda, Pieter van Biljon, en sy gade asook streekvoorsitters teenwoordig. Hennie Ferreira, voorsitter van streek Kiepersol, wat die funksie geïnisieer en georganiseer het, het sy tevreedenheid met die afloop daarvan uitgespreek.

"Kiepersoldelede het baie hard gewerk om kaartjies aan veral mense buite

Sawa te verkoop. Ons streek sal in die toekoms weer moet poog om die breë publiek by ons fondsinsamelingspogings te betrek omdat lede dit nie alleen kan doen nie en dit ook nie volhoubaar is nie," het Hennie gesê. Hy het weer 'n beroep gedoen dat nasionale geleenthede soos die Presidentsaamtrek wat oor die Paasaweek gehou word, bygewoon en ondersteun word. Die nasionale voorsitter, Jurie Dreyer, het gesê dit was 'n mooi geleentheid wat goed georganiseer is.

Die gebiedsvoorsitter, Pieter van Biljon, het daarby aangesluit en gesê dit was 'n lofwaardige poging waarby ook die gebied en streke gebaat het. Van die streekvoorsitters het dit beaam.



Verversingsverkoop

Hennie Ferreira, Jerome Henning, Louis en Madelein Jannus, Stian en Marina vd Berg

Foto's en berig: Johann Lemmer

'n Vrolike en genotvolle aand by Romanz wat Kiepersollers en gaste terdeë geniet het



Gebiedsvoorsitterspaar Johanna en Pieter van Biljon het die geleentheid gebruik om met Fanie Venter en Jurie Dreyer te gesels



Kiepersol se voorsitterspaar Hannie en Hennie Ferreira saam met bestuurslid Sonja de Jongh en haar eggenoot Willem



Johanna en Pieter van Biljon, Fanie Venter, tannie Lettie Leach en Johann Lemmer. Wyle Chris Pienaar se dogter Maria wat in die VSA woon, het die foto geneem



Joyce en Emmo Wilsenach in ligte luim saam met Willem en Sonja de Jongh. Dit was 'n heerlike amper herfsaand in Pierre van Ryneveldpark



Dis nie aldag dat Sonja die geleentheid kry om saam met die aantreklike Burgerd Botha en Louis Loock van Romanz op 'n foto te verskyn nie

Laat nuus oor sleepkompetisie

Sawanante presteer

Negentien mans en vier vroue het Saterdag (26 Februarie) aan die nasionale sleepkompetisie by die Koppisol-oord naby Vereeniging deelgeneem.

Twee van ons lede was prominent naamlik Fanie Marx (links) wat die kompetisie georganiseer het en Pierre de la Harpe (regs) wat tweede in die mansafdeling gekom het. Rudi



Kleynhans van Sawa-Kempton Park was die winner. Pierre sê dat hy die kompetisie hierdie jaar moeiliker as verlede jaar gevind het